



## Gelooftevolk Koördineringskomitee

Posbus 17305  
Bainsvlei  
9338



Telefoon: 082 455 4303  
Vonkpos: vrkomitee@gmail.com  
Faks: 086 619 2695

<https://www.volksvergadering.co.za>

### **HANDELINGE VAN DIE SESDE VOLKSKONSILIE VAN DIE GELOFTEVOLK IN SUID-AFRIKA**

30 Maart tot 1 April 2018 te Dankbaar CVO Skool, Bloemfontein

#### **Geagte Volksgenoot**

Noudat onteiening sonder vergoeding op pad is om wetgewing te word en Brittanje boonop die huidige staatshoof en sy Kommunistiese beleidsrigting beloon met finansiële hulp, moet ons onself die vraag afvra waarom God toelaat dat barbaarse wreedhede ongestraf oor ons kom en die internasionale wêreld dit aanmoedig.

Die voel letterlik of God nie ons gebede verhoor nie. God het vir Jeremia in hoofstuk 14 gesê dat hy nie vir die volk moet bid nie omdat die volk afgewyk het van Sy goedbedoelde plan met hulle. Hulle het vriende van die wêreld geword en daarmee God se vyande.

Vandag vind pret en plesier [bv. professionele sport] en handel op die Sabbat vrylik plaas, wat maar een van die wette is wat gebreek word, ongeag watter sabbat u verkies. Naas sabbatsontheiliging vind verbastering, egskeidings, sodomie, aborsie, ens. daaglik plaas en selfs die kerke trek nie daarteen te velde nie. Moet dus nie verder wonder waarom u op die punt staan om 'n kaart en transport te verloor, nie. Nie net u grond nie, maar ook u besittings kom in gedrang.

Dit is beter dat u dit alles verloor en tot bekering kom, as om met dit alles in die verderf gestort te word - **Mar 9:47** En as jou oog jou laat struikel, pluk dit uit. Dit is beter vir jou om met een oog die koninkryk van God in te gaan, as om twee oë te hê en in die helse vuur gewerp te word,

Vader JHWH [die HERE] het op 4 April 1915 aan Siener van Rensburg gesê dat ons as volk eers alles sal verloor voordat ons in opregtheid na Hom terug sal keer en Hy ons lot sal verander.

Tydens die afgelope volkskonsilie is waardevolle referate gelewer wat nuttig te pas sal kom wanneer ons lot verander is. Lees hieronder die opommings daarvan. Indien u die volledige referate wil lees, maak dan van die skakels gebruik:

<https://www.volksvergadering.co.za/referate.php>

Die vergadering neem met dank kennis van die onderskeie aanbiedings:

## 1. DIE GELOFTEVOLK SE VERHOUDING MET HAAR KONING - Jann Schlebusch

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102242\\_item\\_2018-Referaat--Geloftedolk-se-verhouding-met-haar-Koning.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102242_item_2018-Referaat--Geloftedolk-se-verhouding-met-haar-Koning.pdf)

### **Inleiding:**

Deur die eeue heen het ware gelowiges en teoloë die Bybel – ja, ook die Nuwe Testament – só verstaan dat die Nuwe Testament nie die kollektiewe aard van God se verbond opgehef het nie. Daarom, naas die belangrike individuele verhouding wat elke gelowige met God moet hê, het God ook verbondstrukture verordineer om kollektief as behoueringsisteme vir die suiwer Godsdiens te dien. Hierdie verbondstrukture is die **gesin, die familie, die gemeente en die volk.**

Die moderne teologie het besmet geraak met Liberalisme, daarom word tekste soos Mt 12:50 en Gal 3:28 buite konteks misbruik om hierdie verbondstrukture te vernietig. Dit hef egter nie die verantwoordelikheid en funksies van die fisiese gesin en volk op nie.<sup>1</sup> Nogtans moet ons waak teen die verabsoluttering van die volk.

### **Maar wie is ons Koning? – ja, wie is die Koning van die Geloftedolk?**

Hy is die geliefde Seun van JHWH en inderdaad self God<sup>2</sup>; Hy is die Woord en alle dinge deur Hom ontstaan<sup>3</sup>; Hy is die Gesalfde (Messias, Christus) van JHWH – gesalf as Koning, Hoëpriester en Profeet.

Sy **Naam** is oorspronklik **Jeshua**. In die Grieks is dit '**Iêsoes**'. Die vroeë kerk het Hom **Jêsu** genoem en vandag noem ons Hom in Afrikaans '**Jesus**'; Hy is ons Losser en Verlosser; Hy is die Koning en Heerser wat in Heerlikheid oor die hele skepping Heers<sup>4</sup>, maar in die besonder is hy ons Koning en Heerser – daarom noem ons Hom ook by die eretitel: '**ons Heer**', of, '**ons Here**'<sup>5</sup>; Hy is ons Meester<sup>6</sup> en ons Saligmaker<sup>7</sup>; ons Middelaar<sup>8</sup> en ons Aanvoerder<sup>9</sup> in die stryd. Ja, Hy is inderdaad ons alles<sup>10</sup>.

Ps 110 word die **Majesteit** van Sy Koningskap beskryf.

### **In watter verhouding staan ons met ons Koning?**

God se skepping is so wonderlik. Hy het ons in fisiese menslike verhoudings geplaas sodat ons daaruit kan leer en verstaan in watter verhouding ons met Hom staan. Daarom plaas Hy ons in 'n aardse huweliksverhouding sodat ons daaruit kan leer en verstaan in watter verhouding ons met ons hemelse Bruidegom<sup>11</sup> staan. Dit is 'n liefdesverhouding<sup>12</sup> – waar Hy ons Heer en Hoof is –

<sup>1</sup> Kyk ook Hd 17:26,27 ('53 vertaling)

<sup>2</sup> Jer 23:6; Jn 1

<sup>3</sup> Jn 1:1-3

<sup>4</sup> 1Tim6:16

<sup>5</sup> Dt 10:17; Open 17:14. Kyk ook 1Tim 6:15; Open 19:16

<sup>6</sup> Mt 10:24,25

<sup>7</sup> Lk 1:47

<sup>8</sup> 1Tim 2:5

<sup>9</sup> Jes 33:22

<sup>10</sup> Rom 11:36

<sup>11</sup> Mt 9:15; Mk 2:19,20

<sup>12</sup> Rom 5:8

ja, inderdaad ons alles. God die Seun, die Koning van die heela<sup>13</sup>, kies ons uit as Sy bruid<sup>14</sup> en ons as Sy bruid moet ons voorberei vir die huwelik<sup>15</sup>. Dit is dan ook die simboliek van Ester as die bruid van Ahasveros en ook die simboliek van die liefdeslied in Hooglied. In die Boek Hooglied word die intimiteit van ons verhouding met Hom as Sy bruid in mense-terme uitgebeeld. Die Heilige Gees louter ons en heilig ons totdat Koning Jesus in Hoogl 4:7 uitroep: *Alles is mooi aan u, my vriendin, en daar is geen gebrek aan u nie.*

### **Maar hoe lyk ons vir die Koning?**

Weens ons sonde, is ons onaantreklik vir ons Bruidegom – ja, inderdaad afstootlik!<sup>16</sup>

Ons Bruidegom het egter die smet van ons sonde op Hom geneem en Hy het ook Sy Heilige Gees vir ons as Trooster gestuur.<sup>17</sup> Die Heilige Gees heilig ons<sup>18</sup> en berei ons voor om mooi en lieflik te wees vir die huwelik. Want, soos 1Pt 1:15.16 dit stel: soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word. Omdat daar geskrywe is: wees heilig, want Ek is heilig. En Paulus bid in 1Thes 5:23 En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!

### **Wat beteken hierdie heiligmaking?**

Heiligmaking beteken dat ons afgesonder moet word van die wêreld sodat ons gereinig kan word van die besmetting met sonde wat ons so onaantreklik, ja afstootlik – gemaak het;<sup>19</sup> en dat ons gelouter en getugtig word om ons te ontsmet van die sonde;<sup>20</sup> verder dat ons geleer word om JHWH alleen te vrees – en geen aardse mag nie.<sup>21</sup>

### **Hoedanig moet die Geloftesvolk se verhouding met ons Koning dan wees?**

- Om ons te louter en heilig te maak gee God vir ons Sy Wet
- Ons moet gesuiwer word van alles waarop ons vertrou en wat vir ons belangriker as God is – mensgerigtheid (dit is humanisme); vertrou op geld, versekering, besittings, aardse vestings en organisasies (dit is materialisme - Mammon); drankpartytjies (Bacchus); pornografie en losbandigheid (Eros);
- Daar mag ook geen godsdiensvryheid wees onder die Geloftesvolk nie.
- Ons moet seker maak dat ons God dien soos Hy voorskryf.
- Die beginsel van die verbond wat in die geslagte loop, is die basis waarop God se verbondstrukture: die gesin en die volk, gebou is.
- Dit is die basis vir die opdrag in Dt 6 dat ons geroepe is om ons kinders in die vrese van JHWH op te voed. Die Geloftesvolk moet dus ook sy skole en universiteite op Bybelse beginsels bedryf<sup>22</sup>;

---

<sup>13</sup> Dt 10; Open 17:14

<sup>14</sup> Jes 62:5

<sup>15</sup> Jes 61:10

<sup>16</sup> Ps 38:4

<sup>17</sup> Jes 53; Jn 14

<sup>18</sup> Heb 2:10

<sup>19</sup> 2Kor 6:14-17

<sup>20</sup> Eseg 22:20-22; Sag 13:9

<sup>21</sup> Dt 20:1; Mat 10:28

<sup>22</sup> Dt 31:3

- Maar die hele volkshuishouding moet vir Hom 'n welgevallige offer wees – daar moet weer opsig en tug wees soos in die dae van dr Verwoerd.
- as Hy ons weer ons vryheid gee, moet ons 'n Godvresende en Godvererende volkshuishouding oprig waar die landswette volgens Bybelse beginsels is;
- Ons moet ons hele lewe in dankbaarheid aan hom wy – en dit sluit in die politiek, die werksplek, die huishouding en die braaivleisvuur<sup>23</sup>;
- Slegs feeste waar ons Koning sentraal staan is die Geloftedolk geoorloof;
- JHWH se Naam en titels, en dié van Sy Seun mag nie ydellik gebruik word nie;
- Ons moet die sabbat eerbiedig en daarom mag geen handel op die sabbat plaasvind nie;
- Ons moet ons broeders liefhê om ons Koning te behaag<sup>24</sup>;

Verder kan ons sê die Geloftedolk se verhouding met ons Koning moet só wees:-

- dat die hele volk hulle verlustig in Sy wet en dit van harte gehoorsaam<sup>25</sup>;
- dat ons eensgesind is in ons belydenis<sup>26</sup>;
- dat ons in afhanklikheid van Hom leef in alles wat ons doen;
- dat ons gedurig in gesprek met Hom is, ja, sonder ophou sal bid<sup>27</sup> en alle belangrike besluite aan Sy beslissing onderwerp
- dat ons aan Hom alleen die eer gee<sup>28</sup>;
- dat ons onder mekaar sal spreek met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in ons hart tot eer van die Here;<sup>29</sup>
- dat ons sy Naam ken<sup>30</sup>, en ook bekend maak – ja, dat ons Sy Naam gedurig voor vriend en vyand bely en ons Sy lig laat skyn – ook vir ander volke;<sup>31</sup>
- dat ons die volle wapenrusting van God dra<sup>32</sup>; dat ons aktief stry vir Sy koninkryk<sup>33</sup> en dat ons baie gewillig is op die dag van Sy krygsmag;<sup>34</sup> dat ons geen aardse mag vrees nie, maar JHWH alleen;<sup>35</sup>

### **Hoe gaan ons hierdie doel gaan verwesenlik?**

Ons moet by onself begin met selfondersoek, berou en verootmoediging; en dan aanhou om die getuienis te lewer en in te tree vir die volk. Ons moet ook volkskonsilies hou.

---

<sup>23</sup> Rom 12:1

<sup>24</sup> Mt 7:14; 1Jn 4:20

<sup>25</sup> Dt 13:4

<sup>26</sup> Rom 15:5

<sup>27</sup> 1Thes 5:17; 1Jn 5:15

<sup>28</sup> Open 5:13; en soos ons ook on die geloftes van Jan van Riebeeck en Bloedrivier beloof het.

<sup>29</sup> Ef 5:19

<sup>30</sup> Ps 91:14

<sup>31</sup> Ps 9:11; 12:4; 22:23; 35:18; 40:10,11; Jes 12:4; Mt 10:32,33

<sup>32</sup> Ef 6; 1Thes 5:6

<sup>33</sup> 1Tim 6:12

<sup>34</sup> Ps 110:3

<sup>35</sup> Dt 20:1; Jes 41:10; Mt 10:28; Open 21:8

## **2. DIE OORSAKE EN GEVOLGE VAN DIE HEERSENDE STRAFGERIG OOR DIE GELOFTEVOLK – Adi Schlebusch**

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102442\\_item\\_2018-Referaat---Oorsake-en-gevolge-van-die-heersende-straferig.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102442_item_2018-Referaat---Oorsake-en-gevolge-van-die-heersende-straferig.pdf)

God, in sy regverdigheid, laat geen sonde ongestraf nie. Die uiteindelijke straf op sonde is die ewige dood.

Christus het vir sy skape die straf op sonde gedra, maar God tugtig steeds soos 'n liefdevolle Vader sy kinders. (sien Hebr. 12:6-7) Die God van die Ou en Nuwe Testament bly in ewigheid dieselfde.

God tugtig individue en gesinne, maar die primere uitstorting van sy strafgerigte is oor sy verbondsvolk. Die grondteks van die leer van verbondsvloek en –seen is Deut. 28.

Ons volk ervaar tans letterlik al die strawwe van verbondsontrou soos uitgespel in Deut. 28.

Hoe het ons in die posisie gekom? Liberalisme het die Kaap oorspoel met die De Mist bewind vroeg in die 19e eeu. Ons voorouers het na die binneland gevlug en 'n gelofte aan God gedoen, wat ons as volk onder die verbondsgerig van Deut. 28 geplaas het.

Afvalligheid het egter vining ingetree en dit het die dreiging van die Eerste Vryheidsoorlog geverg om die volk uiteindelik te dryf tot bekering. Soos by Bloedrivier het God ons die oorwinning geskenk.

Ons het later toe wel onder die Engelse juk geval toe ons afvallig word, maar God het ons met republiekwording in 1961 nog 'n kans gegee om sy ligdraers te wees. In 'n mate is daar tydens die Verwoerd era daarin geslaag – dit, terwyl Suid-Afrika as 'n uitsonderlike liggie oorgebly het in 'n donker wereld wat op daardie stadium verval het in liberalisme of kommunisme.

Die godsdienstige louheid van die 1970s het uiteindelik daartoe gelei da tons in die 80s en vroeë 90s met liberale, anti-Christelike idees oorspoel is en selfs vrywilliglik ons Vryheid prysgegee het. God se geduld met ons volk het opgeraak en sedert 1994 verkeer ons onder hierdie huidige strafgerig van God.

Ons is nou onder 'n heidense bewind wat ons wil uitwis. Op skole en universiteite word ons kinders net verder afvallig gemaak. Diegene wat die volk oproep tot bekering en verootmoediging word stilgemaak en staan magteloos. Die regering dreig nou om ons grond te vat.

Dit gaan sleg, maar ons was gewaarsku. In Deut. 28 word al hierdie dinge – letterlik – voorspel. Die enigste uitweg is die pad van verootmoediging voor die soewereine God.

### 3. GEESTELIKE- EN STATUTÊRE VOLKSHERVORMING TER VOORTBESTAAN VAN 'N VREEDSAME VOLKSBESTAAN – Ronnie van der Merwe

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102038\\_item\\_2018-Referaat---Geestelike-en-statutêre-volkshervorming.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102038_item_2018-Referaat---Geestelike-en-statutêre-volkshervorming.pdf)

Die samevating van hierdie voorlegging word onder andere gevind in: **2 Kron.7:13 tot 15**: “As EK die hemel toesluit, dat daar geen reën is nie, of as EK die sprinkaan beveel om die land af te eet, of as EK pes onder MY volk stuur, :14 en MY volk, oor wie My NAAM uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid en MY AANGESIG soek en hulle bekeer van hul verkeerde weë, dan sal ÉK uit die hemel hoor en hulle sonde vergewe en hulle land genees. :15 Nou sal My oë oop wees en MY ore luister na die gebed van hierdie plek.”

Volkshervorming behels verskeie aspekte, lees gerus meer by die skakel.

### 4. “DIE KONINKLIKE PRIESTERDOM OOREENKOMSTIG 1 PETRUS 2:9” – Christiaan Kleynhans

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102038\\_item\\_2018-Referaat---Geestelike-en-statutêre-volkshervorming.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102038_item_2018-Referaat---Geestelike-en-statutêre-volkshervorming.pdf)

Aanhaling uit die 1933/1953 Afrikaanse Ou Vertaling van 1 Petrus 2:9 – 10: **“Maar julle is ’n uitverkore geslag, ’n Koninklike Priesterdом, ’n heilige volk, ’n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare Lig. Julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van Elohim is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.”**

Ons hier in Suid Afrika is reeds deur Totius bestempel as “DIE VOLK WAT VAN DIE BEGIN AF GELOFTEVOLK WAS.” Ons is een van die min volke ter wêreld vandag wat bekend is daarvoor dat hulle Geloftes met YAHWEH (Die Elohim van die Leërskaer) aangegaan het. ‘n Volk wat geroep is, net soos Samuel, om SY NAAM te verheerlik en te dien.

Hierdie Priesterdом in die Nuwe Koninkryk verwys na ‘n tipe Orde. Die afgelope paar jaar is daar verwys na verskillende tipe priester ordes, naamlik:

- **Die Orde van Melgisédek;**
- Die Levietiese Orde van die “Ou Testament” is soos die Bybelse vertaling ooreenkomstig die Tabernakel Orde;
- Die Zadokorde in die tyd van Salomo. Die Quamrangeskifte verwys hierna.

Al hierdie ordes verskil totaal van wat ons as die uitgesoekte Volk van Elohim tot onlangs binne die kerke onself mee besig gehou het. Die kerke het 'n eie orde en word genoem **“Die Orde van die Kerk”** Dus kan vier verskillende ordes onderskei word vir die Christen / Gelowige vandag.

Maar na watter orde kyk ons in 1 Petrus 2:9? Hierdie vers verwys na die **Melgisédek-Orde, ‘n Orde van Liefde** wat sal plaasvind in die laaste dae wanneer die strafgerig op ons volk voltooi is.

“Hierdie nuwe geestelike orde, waarvan die Levitiese orde (of vleeslike orde) 'n afbeelding is, heet die **Melgisédek-Orde**. Hierdie orde het eintlik reeds vroeër in die tyd van die stamvaders bestaan, maar weens die verharding van die volk se harte het hierdie orde tot niet gegaan. Deur hierdie verharding van die hart, het die liefde gewyk en strafgerig ingetree om ons as volk terug te bring na ons Hemelse Vader.

Die naam van die **Melgisédek** orde verduidelik homself.

**Melgisédek** bestaan uit twee frases, naamlik “Melek” wat **koning** beteken en "tsedek" wat **Geregtigheid** beteken. In Genésis 14 sien ons dat YAHWEH Self Melgisédek was, en in Salem (wat **vrede** beteken) gewoon het as 'n Koning en dat die stamvaders Hom gereeld besoek het vir leiding. Ook sê die Skrif dat Hy 'n **priester** was. Hierdie Melgisédek was dus 'n Priester-Koning van die Allerhoogste, Koning van Geregtigheid en Vrede.”

## 5. WAAROM VERANDER GOEIE VRYDAG, HEMELVAART, EN PINKSTER SE DATUMS JAARIKS M.B.T. DIE HUIDIGE KALENDER ? - Flip Swanepoel

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102601\\_item\\_2018-Referaat---Waarom-Goeie-Vrydag-se-datum-verander-elke-jaar.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/20180501102601_item_2018-Referaat---Waarom-Goeie-Vrydag-se-datum-verander-elke-jaar.pdf)

Die antwoord op hierdie vraag openbaar 'n kalender wat vir baie eeue verborge is. Die maklikste manier om die bestaan van die verborge kalender te bewys, is by wyse van 'n paar eenvoudige algemene kennis vrae oor die datums van kersdag en nuwejaarsdag, waarop u antwoord 25 Desember en 1 Jauarie sal wees.

Maar as ek vir u vra wat Goeie Vrydag, Hemelvaart en Pinkster se onderskeie datums is, weet u nie. Dit is bitter jammer dat meeste Christene dit nie weet nie. Hul roem op hul Christenskap maar weet nie wat die herdenkingsdatums van hul Verlosser se dood, hemelvaart en uitstorting van die Heilige Gees van God, is nie. Dit is die Christendom se belangrikste datums, maar word skandelik verwaarloos. Die rede is omdat dit geen anker binne die huidige kalender het nie.

Daarenteen vier die hele Christen wêreld op luisterryke wyse jaarliks Kersdag as die geboortedag van Jesus [Jahshua], terwyl 25 Des. volgens alle Bybelse maatstawwe hoegenaamd nie aan Sy geboortedag kan voldoen nie. Inteendeel,

25 Des. is histories 'n bewese heidense feesdag en word deur Jer.10:1-4 verbied. Hierdie referaat ontbloot dat Pinksterdag en Jesus [Jahshua] se geboortedag aan mekaar verwant is. Daarom dat kersdag hierby betrek is

Deur die gebruikmaking van 'n sterrekundige program wat dit moontlik maak om die stand van die son, maan en sterre vir enige gegewe datum in die verlede of toekoms te simileer, kon die geboortedag van Jesus [Jahshua] bepaal word, Bethlehemster as aanduiding wanneer Jahshua [Jesus] gebore is, het plaasgevind op 17 Junie 1vC, wat dit vir die Christendom moontlik maak om 25 Des. weg te kom. Die basis van 17 Junie 1vC is egter die 15de dag van die 3de maand van die son/maan en sterre kalender, wat in Gen.1:14 in die vooruitsig gestel is.

Die rede waarom Goeie Vrydag, Hemelvaart en Pinksterdag se Gregoriaanse datums jaarliks wissel, is omdat die sogenaamde opstanding Sondag vasgestel word d.m.v. die voorafgaande volmaan ná die Maart ewening in die noordelike halfrond.

Goeie Vrydag is dan die Vrydag net voor opstandings Sondag en die begin van Paasaweek. Hemelvaart is 40 dae na Goeie Vrydag en Pinksterdag is 10 dae daarna.

Met behulp van die sterrekundige program, en aan die hand van die eerste volmaan na die Maart ewening is Christus se instelling van die nagmaal vasgestel op Donderdagaand 6 April 30 nC, en Sy kruisiging op Vrydag 7 April 30 nC.

Dit het ook aan die lig gekom dat daar twee sigbare hemelvaarte was, onderskeidelik op die derde dag vanaf die berg in Galilea waartydens Jahshua [Jesus] opdrag gegee het om aldie die nasies [Mat.28:16-20, Mark.16:19].te gaan evangeliseer en die tweede een 40 dae later vanaf die Olyfberg waartydens die gesprek van Hand.1 plaasgevind het. Verder was Saterdag destyds die eerste dag van die Romeinse week, wat 46vC ingestel is, wat beteken dat Sondag tydens die kruisiging die 2de dag van die week was en die opstanding Sondag onmoontlik maak. Sondag is eers om en by 321nC as eerste dag van die week deur Konstantyn ingestel.

Deur gebruikmaking van die oorspronklike kalender kon die korrekte datums vir Goeie Vrydag, Hemelvaart en Pinksterdag vasgestel word en hoef Christengelowiges nie meer van die huidige heidense kalender afhanklik te wees nie.



## **6. WAAROM IS DIE TEENDEEL VAN PSALM 23 HEERSEND OOR DIE GELOFTEVOLK** – Lourens Joubert

[https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2018052060542\\_item\\_2018-Referaat---Waarom-die-teendeel-van-Ps23-heersend-is-oor-die-Geloftevolk.pdf](https://www.volksvergadering.co.za/Documents/2018052060542_item_2018-Referaat---Waarom-die-teendeel-van-Ps23-heersend-is-oor-die-Geloftevolk.pdf)

Dawid se getuienis ‘die Here is my Herder’ verskaf ‘n kragtige metafoor van ‘n toegewyde lewenswandel. Die redes waarom die Geloftevolk oor die algemeen nie so ‘n lewe voer nie word ondersoek en dit word vasgestel dat die volk deur die volgende eksterne faktore mislei is tot ‘n verandering in haar denke en hartsingesteldheid:

- die liberalisme;
- die Anglo-Amerikaans-Zioniste invloede van die wêreld se geldmag;
- die gebrek aan leiers en herders wat die volk teen die bose aanslag kon beskerm.

As gevolg van die aanslag het die volk daarop willens en wetens intern die bewustheid van haar Goddelike roeping en behoudende karakter prysgegee, wêreldgelykvormig geword en in verskeie sondes verval, sodat sy haarself tans bevind in die mag van die bose hieroor. Desnieteenstaande maak die Goeie Herder bemoeienis met die Geloftevolk om haar deur liefdevolle tugting na Hom terug te bring.